

GAP Nuus - Julie 2021

Vriende, ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus. Soos gewoonlik bring ons julle op hoogte van ons persoonlike nuus, en ook die van die bediening. Hierdie nuusbrieff is korter as gewoonlik en ons nooi elkeen uit om saam te lees.



Die afgelope week was seker die mees stresvolle week vir almal in die land die afgelope 25 jaar. Dit is net genade dat ons in hierdie deel van die land die geweld sover vry-gespring het, en sal dit nog 'n ruk vat om te ontsyfer wat presies gebeur het, en wat die rigerige oorsaak van die geweld was. Wat ons wel weet is dat die samewerking tussen verskeie rolspelers in die Metro, en in die provinsie deurslaggewend was om te verhoed dat die geweld oorspoel Oos-Kaap toe. En ons kan net dankbaar wees, veral vir die rol wat die Taxi bedryf gespeel het, soos dit wyd in die media berig is. Die samewerking tussen die kerke in die Metro en met die Metro het gou in rat gekom. Behalwe om te bid, en 'n gesamentlike persverklaring was daar nie onmiddellike intervensies nie, maar die kommunikasie tussen almal het weer bewys hoe noodsaaklik kummunikasie in sulke tye is. Dit vat gewoonlik 'n bietjie langer vir praktiese aksies om in plek te kom. Daar is 'n hele paar op die tafel, en ander reeds in plek en verwag ons dat dit meer stoom gaan kry.

Persoonlike Nuus

Ons laaste nuusbrieff was uitgestuur in die tyd wat ons ernstig besig was met die voorbereidings vir Eldi en Johan se troue op Mount Ingwe, bo in Elandsrivier. Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan terugvoer gee dat alles baie goed afgeloop het en ten spyte van al die logistieke uitdagings was alles gereed in tyd. Die 50 gaste van al die uithoeke van die land het die moeite gedoen om die 50 km slegte grondpad aan te durf en was almal betyds, en het almal slaapplek gekry, een van ons bekommernisse voor die tyd. Die seremonie was in Elandsrivier kerk wat Pieter op sy verjaarsdag help verf het. Die weer het saamgespeel en kon Jan die mooiste fotos neem na die seremonie in sterk skemer. Gaan kyk gerus na Lukas se video en Jan se fotos of op Sugnet of Eldi se Facebook profiele. Die onthaal in Lukas se skuur was besonders, die proteas daar van Napier af was 'n wenner en so ook Sunelle se kos. Die jong klomp, en 'n paar van die ouer garde, het gedans tot baie laat die aand. Die volgende dag het die eerste koue van die jaar gekom. Ons het dit net gemaak! Weereens dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het om die dag so groot sukses te maak. Daar sal nog lank gepraat word daaroor.

Eers was ek siek die week daarna en toe die week daarna Sugnet. Ek het die Covid vrygespring, maar nie sy nie. Ek was pas reg of sy verdwyn tussen die komberse met 'n hoë koors. Die toets het dit bevestig en het die 10 dae van kwarantyn vir ons twee en Pieter gevolg. Ons is dankbaar vir die goeie mediese raad van ons huisdokter wat baie moeite gedoen het, nie net met haar nie maar met al sy COVID pasiënte. Ivermecten werk. Sugnet het heeltemal herstel en het sy ook haar eie storie om te vertel oor haar ervaring. Pieter het hier in die middel van Junie 'n uitnodiging gekry vir 'n werk net buite Oudshoorn en op kort kennisgewing daar ingeval. Sy e-sake besigheid het hy eers op die eis gesit. Sugnet se ma pas goed aan in Huis Aandmymering. Die grendeltyd is ook vir al die inwoners daar 'n uitdaging aangesien hulle nie mag rondloop nie. Selfs die met hulle eie vervoer is eers gehok. Dit klink soos 'n koshuis. Haar ma is nou die bidder en berader vir die ander, al die inwoners is gesond, en was daar nie enige sterftes die keer met die huidige golf nie. Nog rede tot dankbaarheid.

Praktiese Raad

Baie van ons vriende het siek geraak met die derde golf, maar is ons dankbaar dat almal herstel het. Die pandemie is vir almal op een of ander manier 'n slegte ervaring en is die tydskerekening daarvan saam met die geweld in die land glad nie goed nie. In die lig van die kommer, vrees en onrustigheid in baie se gemoedere deel ons graag die volgende praktiese raad. Raad wat ons self ontdek het, en by ander geleer het:

Hou die oog gevestig op Christus. Hy is die begin en die einde van ons reis hier op aarde. Die swaarkry en ellende wat ons sien en beleef is net tydelik. Hou kontak met jou vriende en familie. Reik uit na hulle al voel mens nie in die luim daarvoor nie. Dit beteken meer as wat jy en ek besef. Wees die veilige plek vir mense rondom jou. Moenie te veel kla nie. Nataniël het een keer gesê dat mens elke dag 'n lys moet maak van alles waarvoor mens dankbaar kan wees. As jy niks kry nie, kry dan vir jou 'n nuwe hond en noem hom Dankbaar, was sy raad. Soek iemand om na uit te reik in hierdie tyd van swaarkry. 'n Goeie daad is genesing vir 'n swaar gemoed. Dit is dalk nader aan jou en my as wat ons dink. Die goeie nuus van Christus was nog nooit slegte nuus vir iemand in nood nie. Bid vir mense en saam met mense, by name. Moenie alles glo wat op sosiale media gesê word nie. Hoe meer tyd mens op sosiale media spandeer hoe groter raak die onrus in mens se gemoed. Goeie raad is om die hoeveelheid sosiale media wat ons ons toelaat, te beheer. Dit klink soos 'n onderwyser se raad maar vir die wat kinders het, help hulle om te verstaan dat gevoelens en emosies normaal is. Skep 'n ruimte waarin hulle hulle gevoelens kan verbaliseer en demonstreer. Hulle is partykeer baie kreatief daarmee. Wees versigtig oor wat jy voor hulle sê en kry eers die emosies onder beheer en swets maar eers klaar. As dinge te veel raak soek bemoediging, hulp en raad by iemand. Dit is dikwels wanneer dinge te veel raak dat stiltetyd onmoontlik raak. Daar is skieleik 'n plafon en praktiese oplossings verdwyn. Dit is dan, wanneer ander vir jou bid dat die Here dinge oopbreek, die plafon verdwyn en jy weer aan Sy voete kan gaan sit, en met vrymoedigheid met Hom kan praat. Ons gaan mekaar al hoe meer nodig hê.

Bedieningsnuus.

Hoe langer die grendeltyd duur hoe meer is die aanpassings wat ons maak. Ons is nou al gewoon daaraan om al die netwerk aktiwiteite te Zoom. Dit spaar baie tyd en hulpbronne en het 'n groter gemaklikheid gebring. Mense gee nie regtig baie om hoe hulle lyk, en waar hulle is as hulle Zoom nie. Jy lyk maar soos jy lyk, waar jy ookal is op daardie gegewe oomblik. Ek inkluis. Ek trek daarom nog 'n skoon hemp aan so nou en dan saam met my vuil broek en skoene, wat ek weer uittrek na die tyd. Dit is asof daar 'n groter spontaniteit en openheid saam met Zoom gekom het. Die "makeup" het verdwyn. Die grendeltyd en die krisis in ons land het 'n diepte en groter erns gebring, mense is minder begaan oor hulle eie opinies en menings en meer begaan oor hoe ons die land se probleme kan oplos, en hoe om saam die Koninkryk uit te brei. Dit is goeie nuus.

Daar is 'n stortvloed van gebedstrategieë, oproepe tot gebed en aanlyn gebedsaksies na die afgelope week se gebeure. Dit is maklik om dit op sosiale media op te spoor so gaan kyk maar daar of kontak ons gerus. Ek hou daarvan om in gebed te fokus op die praktiese sy van gebeure rondom ons. Ons kan in hierdie tyd bid vir ons gesondheidswerkers se veiligheid. Vir hulle om nie moed te verloor nie en elke dag nuwe krag te kry. Ons kan bid vir ons veiligheidsdienste vir hulle vir goeie samewerking tussen al die rolspelers an dat hulle al die hulpbronne sal kry wat hulle nodig het om hulle werk te kan doen. Dat hulle moeilikheid sal kan antisipeer nog voor dit kop uitsteek en dat hulle op die regte tyd op die regte plek sal wees. So ook vir ons onderwysers as die skole begin, en vir hulle om nuwe dryfkrag te kry. En kan ons bid vir die beskerming van ons besighede, en hulle werkers.

Ons eie woonbuurt is besig om die geur en kleur van 'n township te kry. Daar is radikale demografiese veranderinge en daarmee saam loop nood en armoede. Die stroom mense wat skarrel, soos hulle dit noem, neem baie tyd en geduld in beslag en probeer ons om te onderskei, fyn te luister, nie kwaad te word nie, nie te veel te preek en te help waar ons kan. Op die lange duur is dit nie volhoubaar nie en sal 'n geïntegreerde strategie van die kerke baie probleme oplos. Ons is van ons kant af besig om te werk daaraan, en so ook denominasies op hulle eie. Dankie vir almal wat met tussenposes voedsel verskaf om verder uit te deel. Iemand het nou die dag gevra of ons iets sal kan doen met 'n kameelperd? As hy dood is en in stukkes opgesny is is ek seker ons sal baie mense kan help. Ons is steeds betrokke by die gemeenskap op Sandfontein, wat al hoe meer word. Hulle maak hulle eie planne en genereer hulle eie inkomstes maar met tye word dinge vir hulle ook net te veel. Dir patriarg daar raal al hoe ouer en sal dit genade wees as hy die winter oorleef.

Ek onthou baie jare terug op 'n uitreik in Joegoeslawië, pas na die Balkan oorlog toe ons by 'n "Gypsie" kerk vër in die suide van die land gekom het. Daar was nie sitplek nie net staanplek, die gebou was stampvol en die mense sweterig, daar was nie geriewe nie en buite het die mense saamgedrom om te hoor wat daar gesê word die aand. Ons sien tekens van daardie desperaatheid by gewone mense, en dit is 'n goeie teken. Dit is nie net 'n fisiese honger nie.

Van die maandelikse aktiwiteite soos die Bybelskool en boekverkope het ons eers op ys gesit todat die grendeltyd en die meeste spanning verby is. Ons hou altyd Bybels in voorraad en maak steeds enige geestelike leesstof en gebruikte Bybels bymekaar vir die boektafel. Die waterbepelings verhoed ook dat ons met groot vrymoedigheid groente plant, ook in ons eie agterplaas. Hier en daar is daar van ons tuine in die gemeenskap wat nog werk. "Farming God's Way" se "Gardens of Faithfulness" het 'n al hoe groter impak in die Metro en is daar nou al 'n swetterjoel mense deur hulle opgelei wat op 'n wye front mense help om groentetuine te vestig.

Elandsrivier Kerk se dienste het hierdie jaar met tussenposes plaasgevind. Die troue se reëlins het gehelp om nouer kontak met die boere in daardie deel van die Vallei te hê, en was dit nogal lekker. Die droogte het meeste van hulle in 'n wurggreep en is by verre die grootste besprekingspunt. Dit is moeilik om te verstaan hoekom sekere dele van die land wegspoel, en die Oos-Kaap en dele in die Noord-Kaap nou hulle sewende jaar van winter droogte tegemoetgaan. So, laat ons aanhou bid vir uitkoms, en vir hoop vir die boere, maar ook vir almal.

Vir Gebed

Ons kry gereeld navrae en besoekers wat belangstel om die plaas te gebruik. Van die belangstelling spruit uit omstandighede waar hulle elders 'n probleem het en die plaas as 'n uitkoms sien en ander weer wat dit sien as 'n geleentheid om hulle besigheid, boerdery of bediening uit te brei. Niemand het egter nog met 'n konkrete voorstel of versoek gekom wat werkbaar lyk nie. So ons is voortdurend aan die bid en luister ook wat ons eie rol daar moet wees vorentoe. Die water uit die berg se maag loop stadiger as gewoonlik maar dit loop steeds. Intussen maak ons skoon, ontbos en hou al die tarentale, ribbokke en bobbejane op 'n afstand. Vandat daar nie meer honde is nie, raak die ribbokke al hoe makker en kry ons hulle gereeld helder oordag in die tuin aan die wei. As hulle die pad vat berg op is dit ongelooflik om te sien hoe vinnig hulle dit doen. Daardie skrif in Habakuk sal goed lyk op die hek.

Baie dankie vir almal se volgehoue ondersteuning in hierdie moeilike tyd. Ons waardeer dit. Hou moed, laat ons aanhou bid, mekaar ondersteun en uitreik na die wat die Here elke dag oor ons pad stuur.

Baie blessings!

Pierre en Sugnet